

# OLD MUTUAL SUPERFUND

OPVOEDKUNDIGE NUUSFLITS VIR LEDE – UITGAWE 5

## DIE FUNDAMENTELE BEGINSELS VAN ANNUÏTEITE

Aftrede is 'n onderwerp wat ewe vervelig is vir sowel jongmense wat net begin spaar vir hulle aftrede as vir diegene wat hulle naderende aftrede steeds ontken. Ons kommunikasie het ten doel om jou te help, ongeag jou ouderdom, om te begin of om te volhard met goeie finansiële keuses vir jou finansiële toekoms.

Jou werkgever en jou aftreefonds bied jou al die instrumente om goeie finansiële keuses te maak. Dit is egter belangrik om te weet dat jy in beheer is. Gebruik die middele tot jou beskikking ten beste om jou te help om eendag 'n gemaklike aftrede te bewerkstellig.

Dus, kom ons sê dit is tyd om af te tree en jy sit uiteindelik met 'n leë nes. Die versoeking om jou gade op daardie welverdiende vakansie te neem waaroor julle nog altyd gedroom het, is darem 'n werklikheid. Jy het immers hard gewerk om hierdie punt te bereik, nie waar nie? Dit kan so wees, maar dit is belangrik om te onthou dat die besluit **hoë jy jou aftrekapitaal belê een van die belangrikste keuses is wat jy sal maak, want die regte besluit sal help om te verseker dat jy, wanneer jy aftree, die maandelikse inkomste ontvang wat jy nodig het.** Dit is daarom noodsaaklik dat jy die uitwerking verstaan van die keuses wat jy maak voordat jy besluit of jy enige deel van jou aftrekapitaal as 'n enkelbedrag wil neem al dan nie.

Benjamin Franklin het gesê: "‘n Belegging in kennis trek die beste rente." Maak dus tyd om jouself toe te rus om die beste keuse vir die omstandighede van jou aftrede te maak en te weet wat die verskillende annuïteitsmoontlikhede is.

## SPOEL TERUG <<<<<: WAT IS 'N "ANNUÏTEIT" ?



**Dit is die naam wat gegee word aan die pensioen wat jy kan koop met jou aftreespaargeld wanneer jy aftree.**

Daar is verskillende tipes annuïteite: 'n Gewaarborgde Annuïteit (lewenslange annuïteit) of 'n Lewende Annuïteit ('n beleggingsbefondsde inkomste).

### GEWAARBORGDE ANNUÏTEIT

'n **Gewaarborgde Annuïteit** sal jou 'n pensioen bied of inkomste betaalbaar vir jou leeftyd, of lewenslange inkomste betaalbaar vir jou leeftyd – dit is, totdat jy sterf.

#### Tipes gewaarborgde annuïteite:

**Vaste aftrede-annuïteit:** Jou maandelikse pensioen bly van jaar tot jaar presies dieselfde. Hierdie annuïteit bied dus geen beskerming teen inflasie nie.

**Vaste eskalasier-annuïteit:** Jou maandelikse pensioen sal elke jaar teen 'n voorafbepaalde koers verhoog, byvoorbeeld 10%, wat 'n mate van beskerming bied teen inflasie.

**Inflasiegekoppelde annuïteit:** Jou maandelikse pensioen sal teen 'n inflasieverwante koers styg. Jou pensioen plus verhogings word gewaarborg en word betaal totdat jy sterf. Hierdie pensioen sal tred hou met inflasie.

**Met-winst-annuïteit:** Jy deel in die werklike beleggingsopbrengste; selfs al is die grootte van die verhogings nie gewaarborg word nie, word die werklike pensioen plus vorige verhogings gewaarborg en betaal totdat jy sterf. Hierdie pensioen behoort jou langtermynbeskerming teen inflasie te bied.

### LEWENDE ANNUÏTEIT

'n **Lewende Annuïteit** sal jou 'n inkomste gee; jy kies die bedrag wat jy wil ontvang (bekend as die onttrekkingskoers) en hoe gereeld jy dit wil ontvang (maandeliks, kwartaalliks of jaarliks). Jou belegging kan egter miskien nie vir jou leeftyd duur nie; jy kan jou pensioen oorleef as jy 'n inkomste trek wat te hoog is.

Jy kan 'n Gewaarborgde Annuïteit óf 'n Lewende Annuïteit kies, of as jy genoeg aftreespaargeld het, kan jy 'n kombinasie van die twee tipes annuïteite kies. Elke individu se omstandighede moet behoorlik deur 'n finansiële adviseur beoordeel word voordat 'n besluit geneem word om 'n Gewaarborgde Annuïteit of 'n Lewende Annuïteit te kies.

**Klik hier** vir 'n beskrywing van die verskille tussen 'n Gewaarborgde Annuïteit en 'n Lewende Annuïteit.

**Kontak jou geakkrediteerde finansiële raadgewer. Jy kan ook ons hulplyn by 0860 38 88 73 skakel om die kontakbesonderhede te kry vir finansiële raadgewers wat jy kan skakel.**